Die Drie Engele se Oproep tot Gebed

## DAG 2 — DIE EWIGE EVANGELIE EN GEBED

*"En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke."* – Openbaring 14:6

### 'n Boodskap van Uiterste Belang

God het aan hierdie planeet 'n boodskap van uiterste balang gegee wat veral ontwerp is vir ons tyd in die drie engele se boodskappe in Openbaring 14:1-12. Verban na die eiland Patmos, stel die apostel Johannes ons voor aan hierdie boodkappe. Ons moet versigtig na drie punte kyk voordat ons na die boodskap self gaan. **Eerstens** is is dit van Goddelike oorsprong. Dit kom direk van die troon van God. Dit word geskets as aan die mensdom gegee deur 'n engel wat in die middel van die hemel vlieg. Die **tweede** punt om na op te let is dat die engel "vlieg." Die boodskap is dringend. Dit moet sonder verwyl aangekondig word. En **derdens**, is dit 'n ewige boodskap wat van toepassing is op elke geslag. Dit is nie ontwerp om net een etniese groepering, of een taalgroep te bereik nie. Dit moet verkondig word aan "alle nasies, en stamme en volke en tale."

In die hart van hierdie boodskap is die "ewige evangelie," of die goeie nuus van Christus se self-opofferende lewe, Sy liefdevolle bediening, Sy versoenende dood, Sy dramatiese opstanding, Sy intrede as hoëpriester en Sy grorieryke tweede koms. Die visioen van die ewige evangelie in Openbaring 14 bevestig Jesus se woorde in Mattheus 24: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom." (Mattheus 24:14).

Christus se woorde is 'n belofte dat die "evangelie verkondig sal word in die hele wêreld" voor Sy terugkeer. Daar sal 'n magtige herlewing onder God se kinders kom. Hulle sal opstaan tot die uitdaging, die dringendheid van die uur besef en, gevul met die Heilige Gees, sal hulle Jesus se liefde, genade en waarheid aan 'n sonde-deurdrenkte wêreld verkondig wat besig is om te sterf in hulle sonde.

Ellen White stel dit as volg, "Voordat die laaste oordele van God op die aarde kom, sal daar onder die volk van God so 'n herlewing wees van die outydse godsvrug as wat daar nie sedert dié dae gesien is nie. Die gees en die krag van God sal uitgestort word op Sy kinders. In daardie tyd sal baie hulle afskei van die kerke waarin liefde vir hierdie wêreld die liefde vir God en Sy woord vervang het. Baie, sowel predikante as leke, sal blymoedig die groot waarhede aanneem wat God in hierdie tyd laat verkondig, om 'n volk te berei vir die wederkoms van die Here." (*Die Groot Stryd,* bl. 530).

Voordat die boodskap van Openbaring 14 aan die ganse wêreld verkondig kan word, sal 'n geestelike herlewing onder God se kinders hulle in staat stel om met God saam te werk om Sy werk klaar te maak. Laat ons saam bid vir daardie geestelike herlewing om plaas te vind in ons lewens en om ons voor te berei vir die finale gebeure in die geskiedenis van hierdie aarde.

## Gebedstyd (30-45 Minute)

### Getuienis uit die 2021 Tien Dae van Gebed

"Die Tien Dae van Gebed het gelei tot 'n wonderwerk van gesondmaking vir my. Ek was in die hospitaal opgeneem as gevolg van skielike siekte, kort voor die aanvang van die Tien Dae van Gebed. Ek het hulpeloos gevoel, asof my gebede nie genoeg is nie want my toestand het elke dag agteruit gegaan. Ek was op my hospitaalbed uitgenooi na die Tien Dae van Gebed. Dit was die eerste keer dat ek deelgeneem het. Gedurende die daaglikse Zoom video byeenkomste het baie vir my genesing gebid. Ek loof God vir die wonderlike mense wat ernstig vir my gebid het gedurende die gebedsversoeke elke aand. God was so wonderlik vir my want ek is ontslaan voordat die Tien Dae van Gebed verby was. Dit was Sy helende krag wat my gesond gemaak het. Ek was siek en Hy het my aangeraak. Dit was voorwaar 'n antwoord op baie se gebede!" (Harley).

### Bid God se Woord – Openbaring 14:6

*"En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke."*

### "Die Ewige Evangelie"

*God, gee my asseblief 'n immer groeiende waardering vir die evangelie boodskap. Gee my die vreugde van verlossing en verander my lewe sodat wanneer ander my sien, hulle die krag van die evangelie aan die werk kan sien en na Jesus getrek kan word.*

### "Om te Verkondig aan die Bewoners van die Aarde"

*Vader, ek begeer 'n verlossingsondervinding met U sodat ek die goeie nuus met ander kan deel in woord en daad. Gebruik my om te getuig teenoor my familie, vriende, kollegas, bure en ander mense in my sfeer van invloed.*

### "Aan Elke Nasie"

*Hierdie wêreld kom tot 'n einde en biljoene is steeds in die duisternis. Jesus gee my asseblief hierdie week die geleentheid om die goeie nuus aangaande U aanbod van verlossing met iemand te kan deel. Gee my asseblief die takt en die wysheid om te getuig teenoor mense van ander nasies, kulturele agtergrond en etnisiteit. Dankie dat U elke mens roep om in U te glo.*

### Nog Gebedsvoorstelle:

**Dank en Lof:** Dank God vir spesifieke seëninge en loof God vir Sy goedheid.
**Danksegging en Lof:** Dank God vir spesifieke seëninge en loof Hom vir Sy goedheid.
**Beleidenis:** Neem 'n paar minute vir privaat beleidenis en dank God vir Sy vergifnis.
**Leiding:** Vra God vir wysheid vir die huidige uitdagings en besluite.
**Ons Kerk:** Bid vir die streke en Wêreld kerk se behoeftes (sien aparte bladsy vir versoeke).
**Plaaslike Versoeke:** Bid vir die huidige behoeftes van lidmate, gesinne, familie en bure.
**Luister en Reageer:** Neem tyd om te luister vir God se stem en reageer in lof of sang.

### Voorstelle vir Liedere

*SDA Hymnal:* Seeking the Lost (373); Burdens Are Lifted at Calvary (476); At the Cross (163);

*Adventlofliedere*: Meer van My Jesus (109); Kom en Vertel my van Jesus (82); Blye Versekering (260); Heilig, Heilig, Heilig (30)